*Dinsdag* **14 Januarie**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 16:1-7**
**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 16:4, 7**
**’n Nuwe lied vir ’n spesiale geleentheid**

*“Dit was op daardie selfde dag dat Dawid die eerste keer die “Loof die Here” deur Asaf en sy ampsgenote laat sing het.”* ’n Nuwe lied vir ’n spesiale geleentheid. Die dag toe Dawid die ark van die Here na Jerusalem toe kon bring. Die ark van die verbond, simbool van God se teenwoordigheid by sy volk.

Die vorige keer toe Dawid die ark na Jerusalem wou bring, het Dawid egter nie gesing nie (1 Kron. 13). Ussa, wat gekeer het dat die ark val en dit gegryp het, het gesterf. Dawid het daardie dag bang geword vir God en gesê: *“Hoe kan ek die ark van God nou na my toe bring?”* Hy het die ark nie in die Dawidstad laat inkom nie en het dit laat wegdraai na die huis van Obed-Edom toe. Daar het dit vir drie maande gestaan.

Tot op hierdie dag toe dit uiteindelik na Jerusalem gebring word en daar ’n nuwe lied gesing word. Die gebruik was dat wanneer ’n koning gesalf is of tuisgekom het na ’n oorwinning oor sy vyande, die volk die koning toegesing het. Vir die okkasie is daar dan ’n NUWE LIED gekomponeer en saamgestel.

Nou is dit die koning (Dawid) wat ’n nuwe lied laat sing: *“Loof die Here!”* ’n Lied wat handel oor oor die KONINGSKAP VAN GOD. Wanneer ons die NUWE LIED sing, gaan dit dus oor die viering van God se heerskappy. Oor die feit dat ons kan bely en erken: *“Die Here regeer!”* “Die Here is KONING!”

Dit is hoekom ons by die geboorte van Jesus, met sy hemelvaart en troonsbestyging aan die regterhand van die Vader weer hoor hoe daar gesing word. ’n Nuwe lied gesing word. Elke keer tot lof van die Koning.

*Sing: Psalm 96-1:1-2*

*Ds. MJ (Thys) Erasmus (Pretoria-Magalieskruin*